## RAADSKENNISGEWING 109 VAN 2017

### OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: GROENBERG

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n produksiegebied (wyk) onder die naam Groenberg.

**OLIVIA POONAH**
**SEKRETARIS: WYN- EN SPIRITUSRAAD**

### BYLAE

### OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: GROENBERG

Daardie gedeelte grond geleë binne die volgende grense:

Begin by 'n punt op die Ou Hermonpad, noord van die Hawequa Gevangenis en wes van peilbaken 247; daarvandaan algemeen noord met genoemde pad tot by 'n punt in die omgewing van Plaas 1499; daarvandaan algemeen suid met die plaaspad en 'n denkbeeldige reguitlyn tot by die noordoostelike baken van Plaas 1528; daarvandaan algemeen suid met die oostelike grense van genoemde Plaas 1528, Plase 93 en 1637 tot by 'n punt waar laasgenoemde grens aansluit by die waterskeiding; daarvandaan suidoos met die waterskeiding tot by 'n punt waar dit aansluit by die suidoostelike baken van Plaas 220; daarvandaan algemeen wes met die suidoostelike grens van genoemde Plaas 220, die suidelike grense van Uitkyk 222, Slangrivier 253 en Plaas 256 tot by 'n punt waar laasgenoemde grens by die plaaspad aansluit; daarvandaan suid met genoemde plaaspad en wes met 'n denkbeeldige reguitlyn tot by 'n punt waar dit aansluit by die Ou Hermonpad, noord van die Hawequa Gevangenis en wes van peilbaken 247, die beginpunt hierbo genoem.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za